*(f)* A person may not prevent another person from complying with a subpoena or from giving evidence or producing a book, document or object which he or she is in terms of this section required to give or produce.

(9) The record of evidence which has a bearing on the charge before the disciplinary tribunal, and which was presented before any commission which investigated an event or conduct is admissible without further evidence being led if—

*(a)* the record is accompanied by a certificate from the chairperson; and

*(b)* the certificate certifies that the investigation was lawful, reasonable and procedurally fair.

(10) If the improper conduct with which the registered person is charged amounts to an offence of which he or she has been convicted by a court of law, a certified copy of the record of his or her trial and conviction by that court is, on the identification of the registered person as the person referred to in the record, sufficient proof of the commission by him or her of that offence, unless the conviction has been set aside by a superior court.

**Proceedings after hearing**

**33.** (1) After the conclusion of the hearing the disciplinary tribunal must, within 30 days—

*(a)* decide whether or not the registered person charged is guilty of improper conduct;

*(b)* if the disciplinary tribunal finds that the registered person charged is guilty of improper conduct, take cognisance of any aggravating or mitigating circumstances;

*(b)* (i) kan hy of sy, ondanks die feit dat hy of sy die aanklag ontken het of versuim het om te reageer ingevolge artikel 30(3)*(b)* of *(c)*, te eniger tyd voor vonnisoplegging skuld op die aanklag erken;

(ii) in die geval waar hy of sy 'n erkenning ingevolge subparagraaf (i) maak, kan hy of sy geag word skuldig te wees aan die onbehoorlike gedrag waarvan hy of sy aangekla is.

(7) Die persoon in subartikel (2) bedoel, kan tydens 'n verhoor—

*(a)* getuienis en argumente ter stawing van die aanklag aanvoer en getuies onder kruisverhoor neem;

*(b)* 'n persoon wat ingevolge subartikel (3) gedagvaar is, ondervra; of

*(c)* enige persoon roep om getuienis te lewer of aansê om 'n boek, dokument of voorwerp in sy of haar besit of bewaring of onder sy of haar beheer wat die persoon in subartikel (2) bedoel, vermoed of glo betrekking op die onderwerp van die verhoor het, voor te lê.

(8) *(a)* 'n Getuie wat gedagvaar is, mag nie—

(i) sonder voldoende rede versuim om op die tyd en plek in die dagvaarding vermeld, die verhoor by te woon nie;

(ii) weier om as getuie beëdig te word of dat 'n bevestiging van hom of haar afgeneem word nie;

(iii) sonder voldoende rede versuim om volledig en bevredigend na sy of haar beste wete alle vrae wat wettig aan hom of haar gestel word, te beantwoord nie; of

(iv) versuim om 'n boek, dokument of voorwerp in sy of haar besit of bewaring of onder sy of haar beheer voor te lê wat hy of sy aangesê is om voor te lê nie.

*(b)* 'n Getuie wat gedagvaar is, moet teenwoordig bly totdat hy of sy deur die voorsitter van die dissiplinêre tribunaal van verdere bywoning onthef word.

*(c)* 'n Getuie wat gedagvaar is, kan versoek dat die name van die lede van die dissiplinêre tribunaal aan hom of haar beskikbaar gestel word.

*(d)* Die regsbepalings met betrekking tot privilegie, soos van toepassing op 'n getuie wat gedagvaar is om in 'n siviele verhoor in 'n geregshof getuienis af te lê of 'n boek, dokument of voorwerp voor te lê, is met die nodige veranderings van toepassing in verband met die ondervraging van, of voorlegging van 'n boek, dokument of voorwerp aan die dissiplinêre tribunaal, deur iemand wat ingevolge hierdie artikel as getuie geroep is.

*(e)* 'n Getuie mag nie, nadat hy of sy as getuie beëdig is of 'n bevestiging gedoen het, 'n valse verklaring aflê oor enige aangeleentheid met die wete dat daardie antwoord of verklaring vals is nie.

*(f)* 'n Persoon mag nie 'n ander persoon verhinder om aan 'n dagvaarding, te voldoen of om getuienis af te lê of om 'n boek, dokument of voorwerp voor te lê wat hy of sy ingevolge hierdie artikel aangesê word om af te lê of voor te lê nie.

(9) Die oorkonde van getuienis afgelê voor 'n kommissie wat 'n gebeurtenis of gedrag ondersoek het wat betrekking het op die aanklag voor die dissiplinêre tribunaal, is toelaatbaar sonder dat verdere getuienis gelei hoef te word indien—

*(a)* die oorkonde vergesel gaan van 'n sertifikaat van die voorsitter; en

*(b)* die sertifikaat sertifiseer dat die ondersoek wettig, billik en prosedureel billik was.

(10) Indien die onbehoorlike gedrag waarvan die geregistreerde persoon aangekla word op 'n misdryf neerkom waaraan hy of sy deur 'n geregshof skuldig bevind is, is 'n gesertifiseerde afskrif van die oorkonde van sy of haar verhoor en skuldigbevinding deur daardie hof, by identifisering van die geregistreerde persoon as die persoon bedoel in die oorkonde, afdoende bewys van die pleeg van daardie misdryf deur hom of haar, tensy die skuldigbevinding deur 'n hoër hof tersyde gestel is.

**Verrigtinge na verhoor**

**33.** (1) Na afloop van die verhoor moet die dissiplinêre tribunaal, binne 30 dae—

*(a)* besluit of die geregistreerde persoon wat aangekla is, skuldig is aan onbehoorlike gedrag, al dan nie;

*(b)* indien die dissiplinêre tribunaal die geregistreerde persoon wat aangekla is, skuldig bevind aan onbehoorlike gedrag, kennis neem van enige verswarende of versagtende omstandighede;

*(c)* inform the registered person charged and the council of the finding; and

*(d)* inform the registered person of his or her right of appeal in terms of section 34.

(2) A registered person found guilty of improper conduct in terms of this section may—

*(a)* address the disciplinary tribunal in mitigation of sentence; and

*(b)* call witnesses to give evidence on his or her behalf in mitigation of the sentence.

(3) *(a)* If the registered person charged is found guilty of improper conduct, or if he or she admits that he or she is guilty of the charge, the disciplinary tribunal must either—

(i) caution or reprimand the registered person;

(ii) impose on him or her a fine not exceeding the amount calculated according to the ratio for one year imprisonment determined in terms of the Adjustment of Fines Act, 1991 (Act No. 101 of 1991);

(iii) suspend the registration of the registered person concerned for a period not exceeding one year; or

(iv) cancel the registration of the registered person concerned and remove his or her name from the register referred to in section 11*(c)*.

*(b)* The disciplinary tribunal may take decisions under more than one of the subparagraphs of paragraph *(a)*.

(4) At the conclusion of the hearing the disciplinary tribunal must notify the council of its finding.

(5) The council must publish the finding and the sanction imposed in terms of subsection (3) in the *Gazette*.

(6) The council must give effect to the decision of the disciplinary tribunal.

**Appeal against decision of disciplinary tribunal**

**34.** (1) *(a)* A registered person found guilty of improper conduct may appeal to the council against a finding of the disciplinary tribunal or against the sentence, or both.

*(b)* The appeal must be lodged, within 30 days after the disciplinary tribunal has informed the registered person of its decision.

(2) The council may—

*(a)* dismiss the appeal against the decision of the disciplinary tribunal and confirm the finding or sentence or both; or

*(b)* uphold the appeal against the decision of the disciplinary tribunal wholly or in part and set aside or vary the finding or sentence or both.

(3) If an appeal is dismissed in terms of subsection (2)*(a)* the appellant may, within 30 days, from the date of the dismissal of the appeal, appeal to the CBE.

(4) If a registered person found guilty of improper conduct lodges an appeal in terms of subsection (1)—

*(a)* the decision of the disciplinary tribunal under section 33(3); or

*(b)* the publication by the council in terms of section 33(5),

may not be put into effect before the council or the CBE, or both, has decided the appeal.

(5) *(a)* The appellant whose appeal was dismissed by the CBE may appeal to the appropriate High Court.

*(b)* A person referred to in paragraph *(a)* must, after giving notice to the CBE, lodge a notice of appeal with the registrar of the appropriate High Court within one month from the date of the decision of the CBE.

(6) *(a)* The council may appeal to the appropriate High Court against any decision of the CBE with regard to disciplinary matters.

*(b)* The council must, after giving notice to the CBE, lodge a notice of appeal with the registrar of the appropriate High Court within one month from the date of the decision of the CBE.

*(c)* die geregistreerde persoon wat aangekla is en die raad van die bevinding in kennis stel; en

*(d)* die geregistreerde persoon van sy of haar reg op appèl ingevolge artikel 34 in kennis stel.

(2) 'n Geregistreerde persoon wat ingevolge hierdie artikel aan onbehoorlike gedrag skuldig bevind word, kan—

*(a)* die dissiplinêre tribunaal toespreek ter versagting van straf; en

*(b)* getuies roep om namens hom of haar getuienis te lewer ter versagting van die straf.

(3) *(a)* Indien die geregistreerde persoon wat aangekla is, skuldig bevind word aan onbehoorlike gedrag of indien hy of sy erken dat hy of sy skuldig is aan die aanklag, moet die dissiplinêre tribunaal óf—

(i) die geregistreerde persoon waarsku of berispe;

(ii) hom of haar 'n boete oplê wat nie die bedrag bereken in ooreenstemming met die verhouding tot een jaar gevangenisstraf wat ingevolge die Wet op die Aanpassing van Boetes, 1991 (Wet No. 101 van 1991), bepaal is, oorskry nie;

(iii) die registrasie van die betrokke geregistreerde persoon opskort vir 'n tydperk wat nie een jaar oorskry nie; of

(iv) die registrasie van die betrokke geregistreerde persoon kanselleer en sy of haar naam van die register bedoel in artikel 11*(c)* verwyder.

*(b)* Die dissiplinêre tribunaal kan besluite neem kragtens meer as een van die subparagrawe van paragraaf *(a)*.

(4) Na afloop van die verhoor moet die dissiplinêre tribunaal die raad van sy bevinding in kennis stel.

(5) Die raad moet die bevinding en die sanksie ingevolge subartikel (3) opgelê, in die *Staatskoerant* publiseer.

(6) Die raad moet gevolg gee aan die besluit van die dissiplinêre tribunaal.

**Appèl teen besluit van dissiplinêre tribunaal**

**34.** (1) *(a)* 'n Geregistreerde persoon wat skuldig bevind is aan onbehoorlike gedrag kan na die raad appelleer teen 'n bevinding van die dissiplinêre tribunaal of teen die vonnis of teen beide.

*(b)* Die appèl moet binne 30 dae vanaf die datum dat die dissiplinêre tribunaal die geregistreerde persoon van sy besluit in kennis gestel het, aangeteken word.

(2) Die raad kan—

*(a)* die appèl teen die besluit van die dissiplinêre tribunaal verwerp en die bevinding of vonnis of beide bevestig; of

*(b)* die appèl teen die besluit van die dissiplinêre tribunaal geheel of gedeeltelik handhaaf en die bevinding of vonnis of beide tersyde stel of wysig.

(3) Indien 'n appèl ingevolge subartikel (2)*(a)* verwerp word, kan die appellant binne 30 dae vanaf die datum dat die appèl verwerp is na die RBO appelleer.

(4) Indien 'n geregistreerde persoon wat skuldig bevind is aan onbehoorlike gedrag ingevolge subartikel (1) appèl aanteken, mag—

*(a)* die besluit van die dissiplinêre tribunaal kragtens artikel 33(3); of

*(b)* die publikasie deur die raad ingevolge artikel 33(5),

nie geïmplementeer word nie, alvorens die raad of die RBO, of beide, oor die appèl beslis het nie.

(5) *(a)* Die appellant wie se appèl deur die RBO verwerp is, kan na die toepaslike Hoë Hof appelleer.

*(b)* 'n Persoon bedoel in paragraaf *(a)* moet, na kennisgewing aan die RBO, binne een maand vanaf die datum van die beslissing van die RBO, kennisgewing van appèl by die griffier van die toepaslike Hoë Hof aanteken.

(6) *(a)* Die raad kan na die toepaslike Hoë Hof appelleer teen enige beslissing van die RBO met betrekking tot dissiplinêre aangeleenthede.

*(b)* Die raad moet, na kennisgewing aan die RBO, binne een maand vanaf die datum van die beslissing van die RBO, kennisgewing van appèl by die griffier van die toepaslike Hoë Hof aanteken.

**Professional fees**

**35.** (1) The council must, in consultation with the voluntary associations, formulate recommendations with regard to the principles referred to in section 4*(k)*(v) of the Council for the Built Environment Act, 2000.

(2) The council must annually, after consultation with the voluntary associations, representatives of service providers and clients in the public and private sector, determine professional fees and publish those fees in the *Gazette*.

(3) The CBE may review the guideline professional fees published by the council, and refer the fees back to the council for reconsideration.

(4) If the council, after review by the CBE of the guideline professional fees, is aggrieved about that review, it may refer the matter to the Minister for a final decision.

(5) Any person who is aggrieved by the guideline professional fees published in terms of subsection (2), may bring the matter to the attention of the CBE within 60 days from the date of such publication.

**Appeal against certain decisions of council**

**36.** (1) Any member of the public whose interests and rights are affected by a decision made by the council may—

*(a)* within 30 days from that person becoming aware of the decision, request the council in writing to furnish him or her in writing with its reasons for that decision;

*(b)* within 90 days from the date on which the council furnished him or her with its reasons for that decision and after giving notice to the council, appeal to the CBE against that decision in terms of section 21 of the Council for the Built Environment Act, 2000.

(2) A person referred to in subsection (1) may, after giving notice to the council or the CBE, as the case may be, lodge a notice of appeal with the registrar of the appropriate High Court within one month from the date of the decision of the council or the CBE.

**Rules**

**37.** (1) The council may, by notice in the *Gazette*, make rules with regard to any matter that is required or permitted to be prescribed in terms of this Act and any other matter for the better execution of this Act or in relation to any power granted or duty imposed by this Act.

(2) *(a)* Before the council makes any rule under this section, it must publish a draft of the proposed rule in the *Gazette* together with a notice calling on interested persons to comment in writing within a period stated in the notice, but the period may not be less than 30 days from the date of publication of the notice.

*(b)* If the council alters the draft rules as a result of any comment it need not publish those alterations before making the rule.

(3) The council may, if circumstances necessitate the immediate publication of a rule, publish that rule without consultation as contemplated in subsection (2), provided that the CBE, any of the councils for the professions or any person who is aggrieved by the said rule may—

*(a)* comment after such publication; or

*(b)* appeal to the CBE or the appropriate High Court, as the case may be, against such a rule.

**Procedure and evidence for evidential purposes**

**38.** (1) The register referred to in section 11*(c)* serves as evidence of all matters which, in terms of this Act, are required or permitted to be noted therein.

**Professionele gelde**

**35.** (1) Die raad moet, in oorleg met die vrywillige verenigings, aanbevelings rakende die beginsels bedoel in artikel 4*(k)*(v) van die Wet op die Raad vir die Bou-omgewing, 2000, formuleer.

(2) Die raad moet jaarliks, na oorleg met die vrywillige verenigings, verteenwoordigers van diensverskaffers en kliënte in die openbare en private sektor riglyn-professionele gelde bepaal en daardie gelde in die *Staatskoerant* publiseer.

(3) Die RBO mag die riglyn- professionele gelde wat deur die raad gepubliseer is, hersien en die gelde na die raad terugverwys vir heroorweging.

(4) Indien die raad, na hersiening van die riglyn- professionele gelde deur die RBO, gegrief is deur daardie hersiening, kan die raad die aangeleentheid na die Minister vir 'n finale besluit verwys.

(5) Enige persoon wat deur die riglyn- professionele gelde wat ingevolge subartikel (2) gepubliseer is, gegrief is, kan die aangeleentheid onder die aandag van die RBO bring binne 60 dae vanaf die datum van sodanige publikasie.

**Appèl teen sekere besluite van raad**

**36.** (1) Enige lid van die publiek wie se belange en regte geraak word deur 'n besluit wat die raad geneem het, kan—

*(a)* binne 30 dae vanaf die datum waarop daardie persoon bewus geword het van die besluit, die raad skriftelik versoek om sy redes vir daardie besluit skriftelik aan hom of haar te verstrek;

*(b)* binne 90 dae vanaf die datum waarop die raad aan hom of haar die redes vir daardie besluit verstrek het en na kennisgewing aan die raad, ingevolge artikel 21 van die Wet op die Raad vir die Bou-omgewing, 2000, na die RBO teen daardie besluit appelleer.

(2) 'n Persoon in subartikel (1) bedoel, kan, na kennisgewing aan die raad of die RBO, na gelang van die geval binne een maand vanaf die datum van die besluit van die raad of die RBO, kennisgewing van appèl by die griffier van die toepaslike Hoë Hof aanteken.

**Reëls**

**37.** (1) Die raad kan, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, reëls uitvaardig met betrekking tot enige aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet voorgeskryf word of kan word en enige ander aangeleentheid wat die uitvoering van hierdie Wet verbeter of in verband met enige bevoegdheid verleen of plig opgelê deur hierdie Wet.

(2) *(a)* Voor die raad kragtens hierdie artikel 'n reël uitvaardig, moet hy 'n konsep van die voorgestelde reël in die *Staatskoerant* publiseer saam met 'n kennisgewing wat 'n beroep doen op belanghebbende persone om skriftelik kommentaar te lewer binne 'n tydperk in die kennisgewing vermeld, maar die tydperk mag nie minder wees nie as 30 dae vanaf die datum van publikasie van die kennisgewing.

*(b)* Indien die raad die konsepreëls wysig as gevolg van enige kommentaar hoef die raad nie daardie wysigings te publiseer voordat die reël uitgevaardig word nie.

(3) Die raad kan, indien die omstandighede die onmiddellike publikasie van 'n reël noodsaak, daardie reël publiseer sonder oorlegpleging soos in subartikel (2) beoog, op voorwaarde dat die RBO, enige van die rade vir die professies of enige persoon wat deur die reël gegrief is—

*(a)* kommentaar kan lewer na sodanige publikasie; of

*(b)* na die RBO of die toepaslike Hoë Hof, na gelang van die geval, teen so 'n reël kan appelleer.

**Prosedure en bewyslewering vir bewysgewende doeleindes**

**38.** (1) Die register bedoel in artikel 11*(c)* dien as bewys van alle aangeleenthede wat ingevolge hierdie Wet daarin aangeteken moet of kan word.

(2) A certificate purporting to be signed by the registrar to the effect that an entry has or has not been made in the register or that any other function authorised by this Act to be performed, has or has not been performed, is evidence of the matters specified in that certificate.

(3) A copy of an entry in the register or of a document in the custody of the registrar or an extract from the register or from any such document, purporting to be certified by the registrar, may be admitted in evidence in all courts without further proof or production of the original.

**Rectification of errors and exemptions**

**39.** (1) When anything which according to this Act is required to be done or performed on or before a specified day or at a specified time or during a specified period, has not been done or performed, the Minister may, if satisfied that the failure was due to error or oversight, authorise it to be done or performed on or before another day, time, or during another period and anything done or performed in this regard is of full force and is deemed to have been lawfully done or performed in accordance with this Act.

(2) The Minister must, after consultation with the council, voluntary associations and any other person he or she considers necessary, make rules regarding exemptions from the provisions of this Act.

(3) *(a)* The Minister may, after consultation with the council, voluntary associations and any other person he or she considers necessary, exempt any person, council, voluntary association or industry from any provision of this Act for a period not exceeding two years.

*(b)* The exemption referred to in paragraph *(a)* must comply with the rules contemplated in subsection (2).

**Liability**

**40.** (1) The council, the registrar, or any member, committee or staff member of the council, is not liable for any act performed in good faith in terms of this Act.

(2) A registered person who, in the public interest—

*(a)* refuses to perform an act;

*(b)* omits to perform an act; or

*(c)* informs the council or other appropriate authority of an act or omission performed by any other person,

which act or omission endangers or is likely to endanger the safety or health of the public or fellow employees, is not liable for that refusal, omission or information.

(3) Any person who was registered in terms of this Act and whose registration was cancelled, is liable for any action taken by him or her while he or she was registered.

**Delegation of powers**

**41.** (1) The Minister may delegate any of his or her powers in terms of this Act, excluding the power to appoint the members of the council, to the Director-General or any other member of the staff of the department.

(2) The council may delegate any of its powers in terms of this Act to a committee, a staff member or a member of the council or any other person or body of persons, excluding the power to hear an appeal in terms of sections 25(1) and 34(1)*(a)*.

(3) The registrar may delegate any of his or her powers in terms of this Act, to a member of the staff of the council.

(4) Any delegation under subsection (1), (2) or (3) does not prohibit the exercise of the power or the performance of the duty or function in question by the Minister, council or the registrar.

**Offences and penalties**

**42.** (1) A person contravening section 19(2), 24, 26(8), or 32(8)*(a)*,*(b)*,*(e)* or *(f)*, is guilty of an offence.

(2) 'n Sertifikaat wat deur die registrateur onderteken heet te wees ten effekte dat 'n inskrywing wel in die register gemaak is of nie gemaak is nie of dat enige ander funksie wat kragtens hierdie Wet verrig kan word, wel verrig is of nie verrig is nie, is bewys van die aangeleenthede in daardie sertifikaat vermeld.

(3) 'n Afskrif van 'n inskrywing in die register of van 'n dokument deur die registrateur bewaar of 'n uittreksel uit die register of uit so 'n dokument wat deur die registrateur gesertifiseer heet te wees, kan sonder verdere bewys of voorlegging van die oorspronklike in alle howe as getuienis toegelaat word.

**Regstelling van foute, en vrystellings**

**39.** (1) Waar enigiets wat ooreenkomstig hierdie Wet op of voor 'n vermelde dag of op 'n vermelde tydstip of gedurende 'n vermelde tydperk gedoen of uitgevoer moet word, nie aldus gedoen of uitgevoer is nie, kan die Minister, indien oortuig dat die versuim te wyte was aan 'n fout of vergissing, magtiging daarvoor verleen dat so iets gedoen of uitgevoer kan word op of voor 'n ander dag of tydstip of gedurende 'n ander tydperk, en enigiets aldus gedoen of uitgevoer, is van volle krag en word geag wettig gedoen of uitgevoer te gewees het ooreenkomstig hierdie Wet.

(2) Die Minister moet, na oorlegpleging met die raad, vrywillige verenigings en enige ander persoon wat hy of sy nodig ag, reëls uitvaardig met betrekking tot vrystellings van die bepalings van hierdie Wet.

(3) *(a)* Die Minister kan enige persoon, raad, vrywillige vereniging of bedryf, na oorleg met die raad, vrywillige verenigings en enige ander persoon wat hy of sy nodig ag, vrystel van enige bepaling van hierdie Wet vir 'n tydperk wat nie twee jaar mag oorskry nie.

*(b)* Die vrystelling in paragraaf *(a)* bedoel, moet voldoen aan die reëls in subartikel (2) beoog.

**Aanspreeklikheid**

**40.** (1) Die raad, die regisrateur, of enige lid, komitee, of personeellid van die raad, is nie aanspreeklik vir enige handeling te goeder trou ingevolge hierdie Wet verrig nie.

(2) 'n Geregistreerde persoon wat, in die openbare belang—

*(a)* weier om 'n handeling te verrig;

*(b)* versuim om 'n handeling te verrig; of

*(c)* die raad of ander toepaslike owerheid van 'n handeling verrig deur of versuim van 'n ander persoon in kennis stel,

welke handeling of versuim die veiligheid of gesondheid van die publiek of medewerknemers in gevaar stel of waarskynlik in gevaar kan stel, is nie aanspreeklik vir daardie weiering, versuim of inligting nie.

(3) Enige persoon wat ingevolge hierdie Wet geregistreer was en wie se registrasie gekanselleer is, is aanspreeklik vir enige handeling deur hom of haar verrig terwyl hy of sy geregistreer was.

**Delegering van bevoegdhede**

**41.** (1) Die Minister kan aan die Direkteur-generaal of aan 'n ander beampte van die departement enige van sy of haar bevoegdhede ingevolge hierdie Wet, buiten die bevoegdheid om lede van die raad aan te stel, delegeer.

(2) Die raad kan aan 'n komitee, personeellid of lid van die raad of enige ander persoon of liggaam van persone enige van sy bevoegdhede ingevolge hierdie Wet, buiten die bevoegdheid om 'n appèl ingevolge artikels 25(1) en 34(1)*(a)* aan te hoor, delegeer.

(3) Die registrateur kan aan 'n personeellid van die raad enige van sy of haar bevoegdhede ingevolge hierdie Wet delegeer.

(4) Enige delegering kragtens subartikel (1), (2) of (3) verhoed nie die Minister, raad of die registrateur om die betrokke bevoegdheid uit te oefen of plig of werksaamheid te verrig nie.

**Misdrywe en strawwe**

**42.** (1) 'n Persoon wat artikel 19(2), 24, 26(8) of 32(8)*(a)*, *(b)*, *(e)* of *(f)* oortree, is skuldig aan 'n misdryf.

(2) If the council wilfully or in a grossly negligent manner fails to comply with section 15(8) it is guilty of an offence and liable to a fine calculated according to the ratio determined for a period of five years' imprisonment in terms of the Adjustment of Fines Act, 1991.

(3) A person convicted of an offence in terms of section 19(2), may be liable to a fine equal to double the remuneration received by him or her for work done in contravention of section 19(2), or to a fine equal to the fine calculated according to the ratio determined for three years imprisonment in terms of the Adjustment of Fines Act, 1991.

(4) A person who is convicted of an offence in terms of section 24 or 26(8), may be liable to a fine calculated according to the ratio determined for a period of one month imprisonment in terms of the Adjustment of Fines Act, 1991.

(5) A person who is convicted of an offence in terms of section 32(8)*(a)*,*(b)*,*(e)* or *(f)*, may be liable to a fine equal to the fine calculated according to the ratio determined for three years imprisonment in terms of the Adjustment of Fines Act, 1991.

**Transitional provisions**

**43.** (1) For the purposes of this section—

*(a)* "affected area" means the national territories of the former Transkei, Bophuthatswana, Venda and Ciskei and the territories of the former Gazankulu, KaNgwane, KwaNdebele, KwaZulu, Lebowa and Qwaqwa; and

*(b)* "effective date" means the date of the first meeting of the council.

(2) The South African Council for Valuers established by section 2 of the Valuers' Act, 1982 (Act No. 23 of 1982), continues to exist and may exercise its powers and perform its functions after the commencement of this Act until the effective date.

(3) The South African Council for Valuers must, within 30 days from the date of commencement of this Act, invite nominations for the first appointment of members in accordance with section 4.

(4) For the purpose of the nominations referred to in section 4 and for the first term of office of the council, the existing voluntary associations within the property valuation profession are deemed to be recognised in terms of section 26.

(5) From the effective date, all rights, obligations, assets and liabilities acquired or incurred by the South African Council for Valuers in terms of the Valuers' Act, 1982, vest in the council and the council is deemed to have acquired or incurred those rights, obligations, assets and liabilities in terms of this Act.

(6) Any act performed, decision taken, or rule made or purported to have been so performed, taken or made in terms of the Valuers' Act, 1982, by the South African Council for Valuers remains valid unless repealed under this Act.

(7) Any notice issued or exemption granted by the Minister in terms of the Valuers' Act, 1982, remains valid unless repealed under this Act.

(8) Any person who at the commencement of this Act is registered in terms of the Valuers' Act, 1982, is deemed to be registered in the corresponding category provided for in this Act.

(9) Any person who at the commencement of this Act, is registered as a valuer or associated valuer and holds a certificate of temporary registration issued in terms of the Valuers' Act, 1982, is deemed to be registered as a valuer or associated valuer in terms of this Act, until his or her certificate of temporary registration expires, after which the council must determine the category in which he or she is to be registered.

(10) From the effective date, any register maintained in terms of the Valuers' Act, 1982, is incorporated in and is considered to form part of a register to be maintained in terms of this Act.

(11) Any action taken in terms of sections 17 to 21 of the Valuers' Act, 1982, which is pending at the commencement date of this Act, must be finalised in terms of that Act.

(12) At the end of the first term of the council 50 per cent of the members of the council may not be reappointed by the Minister.

(2) Indien die raad opsetlik of op 'n grof nalatige wyse versuim om aan artikel 16(8) te voldoen, is hy skuldig aan 'n misdryf en aanspreeklik vir 'n boete bereken in ooreenstemming met die verhouding wat ingevolge die Wet op die Aanpassing van Boetes, 1991, vir gevangenisstraf vir 'n tydperk van vyf jaar vasgestel is.

(3) 'n Persoon wat skuldig bevind word aan 'n misdryf ingevolge artikel 19(2) is aanspreeklik vir 'n boete gelykstaande met dubbel die vergoeding wat deur hom of haar ontvang is vir werk in stryd met artikel 19(2) gedoen, of vir 'n boete gelykstaande met die boete bereken in ooreenstemming met die verhouding wat ingevolge die Wet op die Aanpassing van Boetes, 1991, vir 'n tydperk van drie jaar gevangenisstraf vasgestel is.

(4) 'n Persoon wat skuldig bevind word aan 'n misdryf ingevolge artikel 24 of 26(8), is aanspreeklik vir 'n boete bereken in ooreenstemming met die verhouding wat ingevolge die Wet op die Aanpassing van Boetes, 1991, vir 'n tydperk van een maand gevangenisstraf bepaal is.

(5) 'n Persoon wat skuldig bevind word aan 'n misdryf ingevolge artikel 32(8)*(a)*, *(b)*, *(e)* of *(f)*, is aanspreeklik vir 'n boete gelykstaande met die boete bereken in ooreenstemming met die verhouding wat ingevolge die Wet op die Aanpassing van Boetes, 1991, vir 'n tydperk van drie jaar gevangenisstraf bepaal is.

**Oorgangsbepalings**

**43.** (1) Vir die doeleindes van hierdie artikel beteken—

*(a)* "geaffekteerde gebied" die nasionale grondgebiede van die voormalige Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei en die grondgebiede van die voormalige Gazankulu, KaNgwana, KwaNdebele, KwaZulu, Lebowa en Quaqua; en

*(b)* "effektiewe datum" die datum van die eerste vergadering van die raad.

(2) Die Suid-Afrikaanse Raad vir Waardeerders wat deur artikel 2 van die Wet op Waardeerders, 1982 (Wet No. 23 van 1982), ingestel is, bly tot op die effektiewe datum voortbestaan en kan na die inwerkingtreding van hierdie Wet tot op daardie datum sy bevoegdhede uitoefen en sy werksaamhede verrig.

(3) Die Suid-Afrikaanse Raad vir Waardeerders moet binne 30 dae vanaf die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet, nominasies vir die eerste aanstelling van lede ooreenkomstig artikel 4, inwin.

(4) Vir die doeleindes van die nominasies in artikel 4 bedoel en vir die eerste ampstermyn van die raad, word die bestaande vrywillige verenigings binne die eiendomswaardeerdersprofessie geag erken te wees ingevolge artikel 26.

(5) Alle regte, verpligtinge, bates en laste wat deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Waardeerders ingevolge die Wet op Waardeerders, 1982, bekom of opgeloop is, berus vanaf die effektiewe datum by die raad en die raad word geag daardie regte, verpligtinge, bates en laste ingevolge hierdie Wet te bekom of opgeloop het.

(6) Enige handeling verrig, besluit geneem, of reël uitgevaardig of voorgegee om aldus verrig, geneem of uitgevaardig te gewees het ingevolge die Wet op Waardeerders, 1982, deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Waardeerders, bly geldig tensy kragtens hierdie Wet herroep.

(7) Enige kennisgewing uitgevaardig of vrystelling verleen deur die Minister ingevolge die Wet op Waardeerders, 1982, bly geldig tensy kragtens hierdie Wet herroep.

(8) Enige persoon wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet ingevolge die Wet op Waardeerders, 1982, geregistreer is, word geag in die ooreenstemmende kategorie waarvoor in hierdie Wet voorsiening gemaak is, geregistreer te wees.

(9) Enige persoon wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet as 'n waardeerder of geassosieerde waardeerder geregistreer is en 'n tydelike registrasiesertifikaat het wat ingevolge die Wet op Waardeerders, 1982, uitgereik is, word geag as 'n waardeerder of geassosieerde waardeerder ingevolge hierdie Wet geregistreer te wees, totdat sy of haar tydelike registrasiesertifikaat verval, waarna die raad die kategorie waarin hy of sy geregistreer moet word, bepaal.

(10) Enige register wat ingevolge die Wet op Waardeerders, 1982, bygehou word, word vanaf die effektiewe datum geïnkorporeer in en beskou as deel van 'n register wat ingevolge hierdie Wet bygehou moet word.

(11) Enige handeling wat ingevolge artikels 17 tot 21 van die Wet op Waardeerders, 1982, verrig is en wat hangende is by die inwerkingtreding van hierdie Wet, moet ingevolge daardie Wet afgehandel word.

(12) Aan die einde van die eerste termyn van die raad kan die Minister 50 persent van die lede van die raad nie weer aanstel nie.

(13) *(a)* The council must on application in the prescribed form and accompanied by the prescribed registration fee and such information as may be required by the council, by any person who, with effect from the effective date—

(i) is ordinarily resident in the affected area;

(ii) has, for a continuous period of not less than five years before that date, been regularly engaged in the affected area in the performance of property valuation work which in the opinion of the council is of sufficient scope and variety and of a satisfactory nature and standard,

register that person as an associated valuer in terms of section 20 and issue to the applicant a certificate of registration in the prescribed form.

*(b)* The registration of a person registered in terms of paragraph *(a)*, lapses after a period of two years from the date of that registration or a further period determined by the council, which period may not exceed one year, unless that person complies with section 20(2)*(a)*(ii).

(14) A person may not be registered in terms of subsection (13), unless he or she has within a period of six months after the effective date, or within a period determined by the council, applied to the council to be registered.

**Repeal of laws**

**44.** The laws mentioned in the second column of the Schedule are repealed to the extent indicated in the third column of that Schedule.

**Act binding on State**

**45.** This Act binds the State.

**Short title and commencement**

**46.** This Act is called the Property Valuers Profession Act, 2000, and commences on a date fixed by the President by proclamation in the *Gazette*.

(13) *(a)* Die raad moet op aansoek, op die voorgeskrewe wyse en vergesel van die voorgeskrewe registrasiegeld en die inligting wat die raad vereis, deur enige persoon wat, met ingang van die effektiewe datum—

(i) gewoonlik woonagtig is in die geaffekteerde gebied;

(ii) vir 'n ononderbroke tydperk van nie minder as vyf jaar nie voor daardie datum gereeld in die geaffekteerde gebied in die verrigting van eiendomswaarderingswerk betrokke was, wat na die mening van die raad van voldoende omvang en verskeidenheid en van 'n bevredigende aard en standaard is,

daardie persoon as 'n geassosieerde waardeerder ingevolge artikel 20 registreer en aan die applikant 'n sertifikaat van registrasie in die voorgeskrewe formaat uitreik.

*(b)* Die registrasie van 'n persoon wat ingevolge paragraaf *(a)* geregistreer is, verval na 'n tydperk van twee jaar vanaf die datum van daardie registrasie of vir 'n verdere tydperk deur die raad bepaal, welke tydperk nie een jaar mag oorskry nie, tensy daardie persoon aan artikel 20(2)*(a)*(ii) voldoen.

(14) 'n Persoon mag nie ingevolge subartikel (13) geregistreer word nie tensy hy of sy binne 'n tydperk van ses maande na die effektiewe datum, of binne 'n tydperk deur die raad bepaal, by die raad aansoek gedoen het om geregistreer te word.

**Herroeping van wette**

**44.** Die wette in die tweede kolom van die Bylae vermeld, word herroep in die mate in die derde kolom van daardie Bylae aangedui.

**Wet bindend op Staat**

**45.** Hierdie Wet bind die Staat.

**Kort titel en inwerkingtreding**

**46.** Hierdie Wet heet die Wet op die Eiendomswaardeerdersprofessie, 2000, en tree in werking op 'n datum wat die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

PRINTED BY CREDA COMMUNICATIONS, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—5500
GEDRUK DEUR CREDA COMMUNICATIONS, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—5500